Sing vooraf: Psalm 144:4 (p. 692)

4 O God, ek wil opnuut my dank U bring / en by die harp my psalmgesang U sing,
U wat aan Dawid die oorwinning gee / oor reuse-swaard, vir sy verderf gesmee.
Verlos my uit 'n see van ramp en nood, / want vreemdes dreig my met 'n wisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand / doen by hul eed dié leuenwoord gestand.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm Skrifberyming 2-7:1-3 (37:1-3)

1 Toe sien ek soos 'n see van glas, / deurstraal met geel-rooi vlammelig.
En die oorwinnaars van die dier – / hul wat nie voor sy mag wou swig –
het langs die see van glas gestaan, / en daar was siters in hul hand.
Hul het gesing soos Israel / gesing het aan die Skelfseestrand.

2 Die lied van Moses, kneg van God, / het hul tot eer van God gesing,
en aan die Lam, vir hul geslag, / oorwinnaarshulde toegebring:
Hoe groot en wonderbaar, o Heer, / hoe billik, reg en almagsterk,
hoe waar en trou, o Koning van / die heiliges is al u werk!

3 Wie sal, o Regter, U nie vrees, / u Naam nie in die reine sfeer,
na so 'n storm en oordeelswerk, / met sange van oorwinning eer?
U's heilig, Heer: die nasies kom / om U die hoogste eer te gee;
want nou het u regverdigheid / grootglansend aan die dag getree."

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons dat ons in die Here alle ellendes oorwin met Skrifberyming 3-1:1 (51:1)

Wet

Skrifberyming 3-1:1 (51:1)

1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 7-1:1 (31:1)

1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.

Skriflesing: Openbaring 6

Teks: Openbaring 6:1, 2

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van ’n donderslag: Kom kyk!

En ek het gesien, en kyk, daar was ’n wit perd. En hy wat daarop sit, het ’n boog; en aan hom is ’n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar en om te oorwin. (Openbaring 6:1, 2 AFR1953)

Dis vandag opstandingsondag. Daarom is dit goed dat ons vandag uit die openbaring van die Here weer kyk na Wie die opgestane Here is en hoe Hy met sy almag die verlossings-geskiedenis beheer en bestuur.

- Johannes sien Hom waar Hy die boek van God se Raadsplan uit sy hand ontvang en die geskiedenis volgens hierdie Raadsplan ontplooi.
- Seël na seël word die Boek oopgemaak en verwerklik.

Die *eerste vier* seëls vorm ’n groep wat saamhang. Hulle openbaar wat alles op die aarde aan die gang was in die verkondiging van die evangelie. Die eerste vier seëls word oopgemaak en vier perde se hoefslae begin dreun oor die aarde.

- Die kleur van elke perd en die werk van sy ruiter kondig ’n ander faset van die eindgeskiedenis aan.
- Met elke perd wat in sy vaart wegspring om deur die tyd te hardloop, openbaar die Here sy triomf oor die magte van die hel soos wat hulle gevestig geraak het in die wêreld en sy geskiedenis.
- Die Here doen dit deur oorwinning en oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word, net soos in die naggesigte van die profeet Sagaria (Sagaria 1:8-17; 6:1-8; Sagaria 1:10vv).
- In Sagaria se naggesigte het hulle teen die teuels gerem om met hulle strydwaens oor die aarde te hardloop wanneer hulle losgelaat word.

Kom ons kyk saam na ons geskiedenis, soos wat die Here dit hier beskryf:

1. Die gebeure rondom die Here se troon

2. Die betekenis van die wit perd en sy Ruiter

1. Die gebeure rondom die Here se troon

Om die verskyning en betekenis van die verskillende perderuiters te verstaan, moet ons ook die gesigte van Sagaria hiermee saam verklaar – want dis dieselfde openbaring van dieselfde God! (Sagaria 1:8-17 en 6:1-8)

Daar is egter ’n verskil tussen die gesigte wat Sagaria van die perde sien, en dit wat die Here hier aan Johannes openbaar.

- In Sagaria word eers gewys op die stryd waarná daar die oorwinning kom.
- Openbaring 6 wys eerste op die oorwinning, en daarná na die middele waardeur en die weg waarlangs die Evangelie sy oorwinning behaal het.

In die profeet Sagaria se naggesigte gaan dit ook oor die oorwinning van God se saak.

- Die oorwinning word in Sagaria se gesigte ook bewerk deur die Gees van God (Sagaria 6:5, 6, 8):

  En die engel het geantwoord en vir my gesê: Dit is die vier winde van die hemel wat uitgaan nadat hulle hul gestel het by die Here van die ganse aarde. (Sagaria 6:5

AFR1953)

Dié met die swart perde, trek uit na na die land van die noorde, en die wittes trek uit agter hulle aan; en die bontes trek uit na die land van die suide. (Sagaria 6:6 AFR1953)

Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde.
(Sagaria 6:8 AFR1953)

In die naggesigte van die profeet Sagaria voltrek die Here ook sy oorwinningsraad deur oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word – dieselfde soos in die boek Openbaring.

- Die feit dat die boek Openbaring die wit perd eerste noem en die profeet Sagaria dit laaste noem, maak geen wesenlike verskil aan die openbaring van God self nie.
    - Sagaria profeteer eers oor die stryd wat plaasvind, waarop die oorwinning behaal word – want die Here Jesus moes toe nog kom!
    - Openbaring wys eers op die oorwinning en dan oor die stryd wat volg – want die Here Jesus het klaar die oorwinning behaal!

Die Here het Johannes weggeruk tot in die hemel waar hy die geskiedenis uit die hoek van die einde gesien gebeur het. Hy skryf:

> **En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!** (Openbaring 6:1 AFR1953)

Die Lam het nie die boekrol ontvang net maar om

- dit te besit,
- of dit te lees/bestudeer,
- of om dit bekend te maak nie.

Hy het dit ontvang om die inhoud te verwerklik. Daarom sien Johannes hoe die Lam die eerste seël oopmaak.

- Intussen het die vier lewende wesens maar daar by die troon gestaan.
- Eers het hulle saam met die ouderlinge en die engele en die hele skepping God geloof en geprys.
- Nou sien ons dat hulle deelneem aan die oopmaak van die seëls.

Die vraag kom by mens op: Wie is hierdie vier lewende wesens?

- Die vier lewende wesens is die verteenwoordigers van alles wat in die skepping lewe.
    - Die getal vier is 'n simboliese getal van die aarde – dink maar aan die vier windstreke wat hierby aansluit.
    - Dit gaan in die eerste vier seëls elke keer oor dit wat in die skepping gebeur – dit raak hulle dus, want hulle verteenwoordig die skepping.
- Dit is waarom die Here hulle ook hier gebruik om die eerste vier seëls in vervulling te laat gaan.
    - Elke keer wanneer daar een van die eerste vier seëls oopgemaak word, dan roep hulle om die beurt: **Gaan uit!**
    - Dit is nie net 'n *bevel* nie, dit is ook 'n *gebed* van die aarde dat die Here se verlossingsraad in vervulling moet gaan.
    - Dit is 'n uitroep dat die raad van God vervul moet word.
      Let ook daarop dat Johannes elke keer eers die perd en sy ruiter sien nadat hierdie bevel gegee is.

Onmiddellik roep een van die vier lewende wesens dat dit wat moet gebeur, na vore moet kom: **Gaan!** (of: Gaan uit!)

- Die vier lewende wesens tree elke keer op wanneer een van die eerste vier seëls los/oopgemaak word.
- Die rede is voor die hand liggend:

Die lewende wese het ’n geweldige stem.

. . . een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van ’n donderslag . . .

- Die lewende wese se stem dawer soos ’n donderslag deur die heelal.
- Die krag van sy stem vestig die hele skepping se aandag daarop dat die Lam nou ’n stuk van die geskiedenis in God se Raadsplan tot verwerkliking gaan laat kom.
    - Dit beteken dat die oproep betrekking het op dit wat uit die los/oopmaak van die eerste seël moet kom. Die verskillende perde *moet verskyn*.
    - Daar is ook vertalings wat hierdie teks vertaal met: **Gaan uit!**

2. Die betekenis van die wit perd en sy Ruiter

Met verstomming sien Johannes ’n wit perd wat verskyn. Ons dink gewoonlik aan ’n perd as ’n werkdier, byvoorbeeld om mee te ploeg, of as ’n rydier, of as ’n dier waarmee mens byvoorbeeld aan wedrenne deelneem.

- In die boek Openbaring – soos in die hele Bybel – is ’n perd meestal ’n oorlogsdier.
- Vergelyk hiervoor die volgende tekste in die Ou Testament:

  Want Farao se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die HERE het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek.
  (Eksodus 15:19 AFR1953)

  Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie.
  (Psalm 33:17 AFR1953)

  Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur die HERE. (Spreuke 21:31 AFR1953)

- Tekste in die Nuwe Testament:

  En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.
  (Openbaring 9:7 AFR1953)

  Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
  (Openbaring 19:11 AFR1953)

Hierdie perd wat te voorskyn kom toe die eerste seël oopgemaak/losgemaak word, is ’n wit perd.

- Die kleure van die perde toon ook die aard van die werk aan wat hulle ruiters uitvoer.
- Die eerste perd is wit – wit is die kleur van oorwinning (19:11).

Hierdie ruiter het nie ’n *swaard* gehad nie. Hy het ’n *boog*.

En hy wat daarop sit, het ’n boog;

- ’n Swaard is ’n wapen wat die onafwendbaarheid van die dood simboliseer.
- ’n Boog is ’n wapen wat kan doodmaak,
    - maar wat die simbool weergee dat dit oor ’n lang afstand kan tref.
    - Dit kan oor ’n lang afstand die teiken bereik en sy letsel laat.

- Die evangelie is soos ’n pyl en boog wat die hart van die mens tref wat vir die Lam gewen word.
- In dié geval is die pyl deur die hart nie tot die ewige dood nie, maar tot die ewige lewe.

Die simbool van die wit perd met sy ruiter is die evangelie van die Here Jesus Christus wat seëvierend oor die aarde trek!

- So ver die wit perd hardloop, word nuwe oorwinnings behaal –
- totdat dit sy volheid oor die hele aarde bereik.

en aan hom is ’n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar en om te oorwin.

Die ruiter het dus, behalwe die boog, ook nog ’n oorwinnaarskroon (*stefanos*). Dit is klaar die teken/openbaring/seël van sy oorwinning.

- Omdat tyd en ewigheid saamsmelt, daarom word die Oorwinnaar reeds by voorbaat as Oorwinnaar gekroon.
- Letterlik staan daar: ***. . . en aan Hom is ’n oorwinnaarskroon gegee, terwyl Hy oorwinnende uitgegaan het om te oorwin!***
- Die gedagte van **oorwin** word dus so sterk as moontlik gestel en beklemtoon.

Uit die teks is dit duidelik dat daar nie een oomblik was wat die Lam nie oorwin het, en ook nie besig was om te oorwin nie – totdat Hy uiteindelik finaal oorwin het. Daar was geen (noemenswaardige) teenstand wat Hy iewers raakgeloop het in sy oorwinningsveldtog nie.

Let wel!

- Die feit dat die oorwinnaarskrans reeds by voorbaat aan Hom gegee word, openbaar ook die Goddelike beskikking ten opsigte van hierdie oorwinning!
- God beskik en besluit reeds vooraf op die oorwinning en daarom gebeur dit inderdaad ook so!

Die ruiter dra ’n boog. Hy gaan dus om die wat in sy gesigsveld kom, te tref.

- Die ruiter se wapen is die evangelie van verlossing in Jesus Christus, wat oor die aarde gaan om in mense in te dring en hulle te oorwin vir Jesus Christus.
- Al is die oorwinning behaal deur ’n oorlogswapen, word die behoud van die gelowige juis hierin geopenbaar.

Waar is ons in hierdie openbaring? Die Here openbaar dat hierdie wit perd en sy Ruiter deur die eeue ’n leër bymekaarmaak.

- Die effek van die Here Jesus se verlossing wat Hy vir ons aan die kruis volbring, word hier uitgebeeld in hierdie groep ruiters wat almal agter hierdie Ruiter en sy perd aanry.
- Aan hierdie Ruiter is ’n krans gegee: ’n **oorwinningskrans.**
    - Dit is by voorbaat al die *teken van sy oorwinning***.** Hy het in ’n sekere sin al oorwin nog voordat hy op sy perd weggery het in die wêreldgeskiedenis in.
    - Hy is die enigste van al die ruiters op die perde wat oorwin en ’n leër van oorwinnaars bymekaarmaak!
- Al die ander perde se ruiters maak net dood en saai verwoesting – niemand oorwin saam met hulle nie, want hulle staan vir dood en verdelging. Hulle volgelinge word buitendien doodgemaak!
    - Die Here wys vir ons waar hulle almal doodgemaak word deur Homself:

      “En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met ’n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die

vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees." (Openbaring 19:17-21 AFR1953)

Die openbaring van God lê dus in hierdie openbaring so sterk as moontlik *die klem op die Lam se oorwinning!*

- Maar daar lê ook nog dit in dat God se beskikking hierin geopenbaar word*. God se bepaling is die oorwinning – waarvan ons deel is!*

Daarom wys die Here weer vir ons hierdie wit perd en sy Ruiter voordat Hy sy openbaring afsluit!

Hy laat ons onsself sien waar ons hierdie wit perd en sy Ruiter volg!

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. (Openbaring 19:11-15 AFR 53)

Die Here laat ons ons Koning – die Here van die here – sien, met ons almal as oorwinnaars terwyl ons Hom volg met ons eie oorwinnaarsklere aan!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 134:1-4 (p. 653) (Beurtsang: Ons sing "ons" i.p.v. "u")

Almal

1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!

Gemeente

2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande◠en pleit, / as alles rus in donkerheid.

Ouderlinge en diakens

3 Die HEER se seen sal met **ons** gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor **ons** gebied.

Almal

4 Laat, HEER, u seën op **ons** daal, / u guns uit Sion **ons** bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor **ons** gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 12 April 2009